# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 19 November 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Hierdie tyd van die jaar ervaar ons almal erge werksdruk! Alles wat vir die jaar beplan is, moet afgehandel word en ‘n mens is nog met ‘n klomp goed agterstallig ook. Jou motivering om elke dag op te staan en jou werk te gaan doen, kom onder groot druk! Al motivering wat dalk nog oor is, is dat ek aan die einde van maand ‘n salaris moet verdien.

Wat “werk” nog moeiliker maak, is die feit dat ons in ‘n samelewing leef wat nie meer positief staan oor die feit dat ‘n mens daaglikse werk moet doen nie! Werk word al hoe meer as ‘n onnodige las en selfs as ‘n straf beskou en mense sal alles sal doen om net nie te werk nie! Ons hoor dit ook in die manier waarop ons onder mekaar praat, bv: “Ek leef net vir naweke!” of “Ek haat my werk”.

Hoe voel jy oor jou werk en wat motiveer jou om more terug te gaan werk toe?

**Tema: Werk elke dag vir die Here!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 107 - 1: 1, 4, 18; Lied 466:1, 2, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Ps. 145 - 1: 9; Votum; Seën; Loflied Ps. 105 - 1: 1, 2, 3, 4; Geloofsbelydenis:
12 Artikels

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Eksodus 20: 15 en HK Sondag 42, vr. 110 en 111; Sing Sb 17 - 1: 5, 6; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing : Kolossense 3: 16 - 17 en
3: 22 - 4: 1;
Teks: Kol. 3: 23 - 24
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps. 127 - 2: 1, 2 (Tweede melodie); Seën; Amenlied Sb13 - 2.

**AANDDIENS: Ds. Piet Venter**

Ons het vanmore uit die Woord van die Here gehoor hoe ons oor ons daaglikse werk moet dink en wat ons motivering moet wees om

ons werk te doen! Daar is natuurlik ook ‘n ander kant van die saak: dat mense so vasgevang kan raak in hulle werk en dat dit hele lewe opneem omdat hulle te veel gefokus is op die finansiële sekuriteit wat dit bied.

Die Here weet hierdie dinge en daarom praat Hy vanaand uit hierdie hoofstuk met ons in finansiële terme. Hy praat oor ons gesindheid teenoor geld en Hy praat ook in ekonomiese terme oor ons geloof.

Kort saamgevat sê die Here vanaand vir ons:
**Tema:** Belê in jou geloof, dit bied die grootste wins en sekuriteit. Geldgierigheid sal jou vernietig en jou geestelik bankrot maak.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 23 - 3: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 65 -1: 1, 6, 8, 9; Gebed; Sing Ps. 37 - 2: 1, 2, 3

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: 1 Timoteus 6: 3 – 20
Teksvers: 20; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Liefdegawes; Sing Ps. 37 - 2: 7, 8, 11, 12; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

## MEELEWING

- Pieter Lourens was die afgelope week vir ‘n opvolgbesoek by die dokter na sy hospitalisasie. Hy het nog toetse ondergaan en nuwe medikasie gekry. Daar is goeie hoop dat dit nou beter met hom sal gaan.
- Jan Schutte van Ronel se operasie het goed afgeloop.
- Griet du Preez sterk nog aan by Frans en Sarita, nadat sy geval en ‘n ribbetjie gebreek het.
- Sr Susan Grobler (emeritus) het geval, haar heup gebreek en moet geopereer word.
- Tobianna Willemse is in die Wilgeheuwel hospitaal opgeneem vir ondersoeke na nekprobleme. Sy moet ‘n nekoperasie in Januarie 2024 ondergaan. Intussen het sy het pynblokke ontvang om te help met die pyn en ongemak tot dan.
- Br Johan du Plessis ondergaan Donderdag behandeling vir kanker.
- Ds Koos Mouton moes die afgelope week begin met dialise, maar daar het probleme ontstaan en hy moet nou n nuwe dialisepoort met operasie ontvang.
- Hannelie Pieters het ‘n suksesvolle lensvervanging ondergaan en volgende week word die ander oog ook gedoen.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## BAIE GELUK

AJ du Plessis is 1ste in die Top 10, graad 8 by Hoër Volkskool en sy broer Schalk het die hele jaar ‘n gemiddeld van 90% gehandhaaf in Bailliepark. Baie geluk julle 2 manne!

## ONS GROET

Jan en Theonet Viljoen wat met attestaat vertrek na GK Buffeldoorns.

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Geen Kleuterbediening - afgesluit vir die jaar
Jeugbedieningsgesprek met ouers
Tee en koffie
16:00 “Griefshare”
17:00 Lofsanggeleentheid
18:00 Aanddiens

**Woensdag**
Kersmark: Uitstallers pak uit

**Donderdag**
Kersmark begin

**Volgende Sondag**
Kerssangdiens op 26 Nov by GK Die Bult

## AFKONDIGINGS

- Beide Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks en klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Bystandsfonds Diakonie KO.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 2 en 3.

## KLEUTERBEDIENING HET AFGESLUIT

Ons bediening aan voorskoolse kleuters tydens die prediking het afgesluit vir die jaar. Ons opregte dank aan Marlise Styger en haar span mamma’s - Hestie Janse van Rensburg, Suzanne Kruger, Riekie Storm en Tineke van Rooyen - wat hierdie mooi Woordbediening vir die kleintjies elke Sondag tydens die preek hanteer. Tineke van Rooyen gaan volgende jaar die leiding neem. Baie dankie!

## JEUGBEDIENING 2024: GESPREK MET OUERS VANDAG NA DIE OGGENDDIENS

Na die erediens kan ouers gou gaan sap haal en dan terug kom na die kerkgebou, waar ons saam wil praat oor ons planne vir die bediening aan ons jeug vir 2024. Ons wil graag al ons ouers se insae, voorstelle en ondersteuning hê.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 19 November**
Br Etienne Delport

**Maandag, 20 November**
Br Roelf Kleynhans

**Woensdag, 22 November**
Jsr Nichelle Alberts

**Donderdag, 23 November**
Br Klaas Smits
Br Japie Visser

**Vrydag, 24 November**
Sr Christa Bloem
Br Frans vd Walt

**Saterdag, 25 November**
Jsr Karli Storm

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## KERSBEDERF-BOKSE

Baie dankie vir almal se positiewe reaksie en bereidwilligheid om te help met “Bederf-bokse”.

Die bokse moet asb nie later as 3 Desember 2023 by Anna Smith / Hestie J v Rensburg / Kerkkantoor ingehandig word.
Ons waardeer die ondersteuning van hierdie projek baie!
Susters-groete

## ALMANAK

Die Almanak is beskikbaar in die kerkkantoor vir lidmate wat bestel het R125 elk.

## KERSSANGDIENS: 26 NOVEMBER 2023

Die Bult-gemeente nooi ons graag uit na die Gesamentlike Kerssangdiens, op Sondag 26 Nov om 18:00, by GK Die Bult. (Let wel: die datum het verskuif van 19 Nov na 26 Nov.)

## GEMEENTEKAMP




.

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Dr G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Middelburg,Mphumalanga.

Beroep bedank
Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Middelburg, Mphumalanga.

Beroep aanvaar
Ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet na GK Bellville-Oos as medeleraar.

## HULP MET VERBLYF

Zard Aucamp is opsoek na verblyf in Bailliepark. Indien iemand weet van 'n woonstel of tuinwoonstel wat beskikbaar is, sal hy en Helena dit baie waardeer. Hulle tree op 16 Desember in die huwelik. Sy nommer is: 061 638 5247.

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID

Koeldrank  word vandag na die oggenddiens in die voorportaal van die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Susan Lourens en groep 9, Chanelle v As en groep 18, Gizelle Alberts en groep 27, asook Anneke Steenkamp en groep 35.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit.  Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!  Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ŉ georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ŉ lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |